



IMPLEMENT TREKKRAGTOETSE – Radiopraatjie opname 18 Junie 2013

Johan van Biljon

Ja, baie dankie vir die geleentheid. Die meet van trekkrag op implemente is nie nuut nie, en die inligting wat gekry word uit trekkragmeting word baie gebruik om meganisatiebeplanning te kan doen.

Die LNR se Instituut vir Landbou ingenieurswese het op versoek van graansa en die befondsing van die mielietrust begin om die trekkrag te toets van alle nuwe generasie implemente. Ons het begin met die toets van grondbewerkings implemente soos bv rippers, skottel eê, tand implemente en ploë. Die toetse is later uitgebrei na planters.

Minimumbewerkings planters is ook getoets. Van die inligting wat verkry is uit die toetse is die werkspoed in km/h, die werkstempo in ha/dag, brandstof verbruik in liter/ha en ook die effektiwiteit van die implement in terme van die volume grond versteur vir die trekkrag benodig gemeet in kN/kubieke meter.

Die toetse is gedoen op sand, sandleem en kleigrond en in alle gevalle is die grondvog sowel as die klei persentasie van die grond gemeet. Al die toetse is gedoen volgens die optimum werkspoed en werkdiepte van die implement. Die korrekte instelling van die implemente is gedoen deur die 'n tegniese verteenwoordiger van die verskaffer. Die grondontledings is gedoen deur 'n grondkundige.

Die data is verwerk om aan te pas by die kostegids vir landbou masjienerie wat verkoop en versprei word deur die direktoraat kommunikasie in Pretoria. Hierdie gids bevat al die inligting rakende die loopkoste van trekkers en implemente wat benodig word om 'n meganisatie beplanning te kan doen.

Die inligting is ook meer volledig beskikbaar in verslag format.

Ons beoog om uit te brei met die toetse indien fondse beskikbaar is om 'n groter reeks van veral bewaringsbewerkings implemente te toets wat hoe meer op die voorgrond tree.

Vir enige verdere inligting kan Johan van Biljon geskakel word by die LNR Instituut vir Landbou Ingenieurswese by tel nommer 012 842 4049 of sel nommer 0847564291